18 Julie 2023

Geagte Skoolhoof

UITNODIGING: 2023 NOORD-KAAP JEUGLEIERSKONFERENSIE – ONTDEK DIE LEIER IN JOU!

Hiermee wil ons graag weer u skool se nuwe jeugleier (**huidige graad 11-leerders**) uitnooi vir die jaarlikse Noord-Kaap Jeugleierskonferensie om die leier in hulle te kom ontdek. Die ontdekkingsreis gebeur te Duin in die Weg vanaf **4 tot 8 Desember 2023**. Die afgelope vyf jaar se konferensies was baie suksesvol en ons bou voort daarop, alles in belang van ons jeug.

Ontdek die leier in jou!

Hierdie is werklik 'n top geleentheid vir beide skole en hulle jeugleiers en daarom wil ons graag soveel as moontlik van hulle op reis neem om die dinamiese leier wat binne skuil te ontdek**. Ten opsigte van die fisiese reis, moet u seker maak dat u vooraf en betyds by die Departement toestemming verkry, asseblief .** Dit is 'n praktiese konferensie, wat bestaan uit 'n verskeidenheid gesprekke, werkswinkels en buitelug-aktiwiteite onder die leiding en mentorskap van vooraanstaande sake- en akademiese leiers.

Rigting van die reis

Die doel is om addisioneel by te dra tot skole se eie leierskap-programme en jeugleiers bloot te stel aan 'n dinamiese en kollektiewe leierskap omgewing waar hulle hulself kan ontdek, versterk en voorberei op die werklikhede en uitdagings van leierskap. Die basis is om hulle uit te daag en vaardighede te gee wat sal help met die uitdagings in die skoolomgewing en dit wat later in hulle lewens kan opduik. Hierdie jeugleierskonferensie word jaarliks in die Noord-Kaap byeengeroep waar jeugleiers voorberei en geslyp kan word, asook kan netwerk met ander jeugleiers om sodoende 'n gemeenskap van jong leiers te vorm.

Kostes:

Ons is tans in gesprekke vir borgskappe om dit weer koste-vry te kan aanbied. **Skole bly wel verantwoordelik vir die vervoer van hul eie leerders na Duin in die Weg, asook van Duin in die Weg na afloop van die konferensie.**
Voorlopig kan elke skool solank vier benoemings stuur. Ons noem ook net dat onderwysers nie toegelaat word om jeugleiers te vergesel nie.

Mentors en rigtingwysers

Deelnemers gaan bevoorreg wees om uitnemende opleiding en mentorskap te ontvang van ervare en invloedryke leiers in SA. Ons is tans in die proses om met elkeen te finaliseer, en sal die program en sprekers binnekort bekendmaak.

Uitkomste

Jeugleiers verlaat die konferensie met die volgende vaardighede:

- Besef dat leierskap bepaalde verantwoordelikhede meebring;
- Meer selfvertroue wat hulle eie leierskapsvermoëns betref;
- Beter selfkennis;
- Beter vaardighede ten opsigte van leierskap;
- Besef dat goeie verhoudings met ander mense nodig is vir goeie leierskap;
- Die raaksien van daaglikse geleenthede vir leierskap;
- Kennis van en blootstelling aan verskillende leierskapstyle; en
- Weet watter eienskappe nodig is vir goeie leierskap.

Onderaan vind u die inskrywingsvorm, wat u kan kopieer, voltooi en terugstuur. Indien u nog nie u finale leiers verkies het nie – bespreek solank u plek, eerder gouer as later.
Die sluitingsdatum is 31 Oktober 2023.

Moenie huiwer om kontak te maak indien u onseker is of ‘n behoefte het aan meer inligting nie. Ons weet dat die bywoning van u jeugleiers die skool en elke jeugleier sal baat, en daarom versoek ons u om van hierdie wonderlike geleentheid gebruik te maak.

Vriendelike Duin in die Weg groete,

Johan Steyn
PROGRAM KOÖRDINEERDER EN FASILITEERDER
054 – 741 0167 / 083 303 7769
johan@duinindieweg.co.za

KENNISGEWING VAN BYWONING VAN DIE JEUGLEIERSKONFERENSIE

SKOOL

Naam van Skool	
Telefoon	
Kontakpersoon	
Selfoon	
E-pos	

KURSUSBYWONER (LEERDER)

Van	
Volle name	
Geslag (manlik / vroulik)	
Geboortedatum	
Huistaal (Afrikaans / Engels)	
Godsdiens	
Selfoonnommer	
E-posadres	
Naam van ouer / voog	
Selfoon van ouer / voog	
Leierskapsposisie - 2024	
Spesiale dieetbehoefte(s)	
Spesiale mediese toestande wat geakkommodeer moet word	

U kan gerus hiermee die nodige kopieë maak.

Stuur voltooide vorms terug aan admin@duinindieweg.co.za